Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Paul Swart**
Direktoraat: Inrigtingshulpbronondersteuning
Paul.Swart@westerncape.gov.za | 021 467 2025

Lêerno.: 18/2/R
Verwysing: 20230630-6179

Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut: 0010/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteur: Distrikte, Distriksdirekteure, Hoofde: Bestuur en Beheer (distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame by gewone openbare skole en vaardigheidskole

**Onderwerp: Die bekendstelling van 'n aanlyn aansoekstelsel vir die Leerdervervoerskema (LVS), en voorleggings van nuwe LVS-aansoeke vir leerdervervoer in die 2024-skooljaar**

**1. Aanlyn aansoekproses vir die LVS**

1.1 Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) is in tans besig om 'n aanlyn aansoekproses vir leerdervervoerdienste bekend te stel wat later op SOBIS beskikbaar sal wees.

1.2 Toegang tot die aanlyn LVS-aansoekstelsel kan op die skool se profiel verkry word deur die oortjies, *Administration* >> *Learner Transport* >> *New applications* te gebruik.

1.3 'n Duidelik uiteengesette gebruikershandleiding vir skole oor hoe om LVS-aansoeke op die aanlyn aansoekstelsel te voltooi, is as Bylae A by hierdie minuut aangeheg. Die gebruikershandleiding is ook op die tuisblad van die aanlyn LVS-aansoekstelsel op SOBIS beskikbaar.

1.4 Alle LVS-aansoeke wat tans nog by die distrikskantoor ingedien word, sal slegs tot die einde van die 2023-skooljaar aanvaar en verwerk word.

1.5 Skole word egter sterk aangemoedig om voortaan alle aansoeke deur middel van die nuwe aanlyn LVS-aansoekstelsel in te dien.

1.6 Skole wat hul aansoeke met behulp van die aanlyn LVS-aansoekstelsel indien, sal baat vind by 'n aansienlik vinniger verwerkingsproses en sal die vordering van hul aansoeke op SOBIS kan monitor.

1.7 Vanaf die begin van die 2024-skooljaar sal geen LVS-aansoekvorms wat met die hand by die distrikskantoor ingedien word, aanvaar word nie.

1.8 Kringbestuurders en LVS-distriksamptenare kan toegang tot die aanlyn LVS-aansoekstelsel via die *EduinfoSearch*-portaal verkry. Daar sal van hulle verwag word om aansoeke wat deur die betrokke skole ingedien word, te verwerk, te heroorweeg en aanbevelings te maak. 'n Duidelik uiteengesitte gebruikershandleiding oor die voltooiing van aanlyn LVS-aansoeke sal afsonderlik aan kringbestuurders en LVS-distriksamptenare uitgereik word.

1.9 Aansoeke wat deur die betrokke LVS-distriksbestuurders afgeteken is, sal dadelik elektronies beskikbaar wees vir verwerking deur die Subdirektoraat: Leerdervervoerskema by die WKOD se Hoofkantoor.

**2. LVS-aansoeke vir die 2024-skooljaar**

2.1 Skole word versoek om vanaf die aanvang van die derde kwartaal op LVS-aansoeke vir die 2024-skooljaar te begin fokus. Die verwerking van LVS-aansoeke wat nog voorhande is vir die 2023-skooljaar word gefinaliseer en skole word versoek om geen nuwe LVS-aansoeke vir 2023 in te dien nie.

2.2 Aansoeke om die byvoeging van **nuwe roetes** en **addisionele leerders** op bestaande roetes in Januarie 2024, moet voor **18 Augustus 2023** deur middel van die aanlyn aansoekstelsel voltooi en ingedien word.

2.3 Voordat leerders vir 'n LVS-roete oorweeg kan word, moet kringbestuurders eers kontroleer of leerders by skole of koshuise nader aan hul huise geplaas kan word.

2.4 LVS-distriksamptenare moet tersaaklike aansoeke vir die 2024-skooljaar verwerk en seker maak dat hierdie aansoeke teen **15 September 2023** by die Subdirektoraat: Leerdervervoerskema by die WKOD se Hoofkantoor ingedien word.

2.5 Dit is uiters belangrik dat aansoeke om nuwe roetes en addisionele leerders vroegtydig ontvang word sodat die dienste verwerk en op die eerste skooldag van 2024 beskikbaar gestel kan word. Aansoeke wat egter ná die bogenoemde sperdatum ingedien word, loop die risiko dat dit nie betyds goedgekeur sal word nie, en die dienste derhalwe nie op die eerste skooldag van die 2024-skooljaar beskikbaar sal wees nie.

3. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke amptenare.

**GETEKEN:** MS ABRAHAMS
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING**
**DATUM:** 2023-07-20